<u>Skriflesing:</u> Hosea 6:1-11; Lukas 15:11-32
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 33**
Teks: Lukas 15:7,10
Sing- SAMESANG: Ps 49:4
TYDENS EREDIENS: Ps 40:8; Ps 25:3; Ps 19:4

As ons in Handelinge 16 kan begin, broeder en suster, dan staan in die een hoofstuk twee mense se bekering. Lidia, die purper verkoopster, die vrou van Thiatire wat daar op die rivierwal, 'n rivier naby die groot stad Filippi tot bekering gekom het. Sy kom van Thiatire. Die Here het gewoon haar hart geopen dat sy met aandag kon hoor wat Paulus verkondig. So het sy tot geloof in Christus gekom en haar tot God bekeer.

Dieselfde Handelinge 16 het ook 'n man se bekering. Dit gebeur eintlik totaal anders as met Lidia want hierdie man was 'n tronkbewaarder en vóór sy bekering was daar eers 'n aardbewing wat tronkdeure oopgeruk het voor sy hart oopgeruk kon word. Wanneer tronkdeure oopgaan en dit skud so dat boeie los raak, dan weet ons God het daardie boeie losgemaak, 'n aardbewing kan nie boeie losskud nie. God maak meer as die boeie los, wanneer die tronkbewaarder van skok homself om die lewe wil bring dan maak God die tonge los. Die tong van Paulus wat met 'n groot stem vir hom sê- *Moenie jouself kwaad aandoen nie, want ons is almal hier…*maar God maak meerq as net Paulus se tong los, dit is ook die man wat homself wou dood wie se tong nou los is, as hy die taal van bekering begin praat- *Menere wat moet ek doen om gered te word?* Paulus se antwoord is waar ons Sondag 33 ook moet hoor – *Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.* Al is daar dalk groot verskille in hierdie tronkbewaarder en Lidia se bekerings begin is die ooreenkoms by beide dieselfde as beide van hulle dan gedoop kon word.

So sien ons by Lidia die geleidelike bekering, dit wat nie met skok en bewing gebeur nie, so kan daar bekering wees, maar bekering kan ook anders wees, dit kan ook skok en bewing insluit.

En nou is beide van hulle voor ons, maar geliefdes is dit die laaste woord wat daar by hulle oor bekering sou wees. Née, juis nie, want die doop by beide van hulle sê aan ons, dit wat die doop ook beteken dat as jy gedoop is, is jy eintlik geroep tot daaglikse

bekering. Lidia sou haar daagliks van haar Joodse leefwyse moes bekeer, die tronkbewaarder sou daagliks die heidense lewe wat hy tot nou toe gelei het moet afsterwe. Bekering wat die afsterwing van die ou mens is en wat die opstanding van die nuwe mens moet wees. Ons kan hierdie vrou Lidia, die man wat die tronk opgepas het, waarvan ons nie sy naam ken nie, want jou en my naam kan maar net sowel hier staan, beide van hulle was verlore.

Niks minder verlore as die gelykenis wat in drievoud oor verlorenheid spreek. 'n Verlore skaap wat afgedwaal het, 'n verlore penning wat weggerol het, 'n verlore seun wat weggeloop het. Verlore, verlore, verlore, maar hierdie verlorenheid staan direk met wat ons teksverse was- *So sê Ek vir julle is daar blydskap voor die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer.*

Bekering is die kern by hierdie Sondag want in Sondag 32 het ons begin handel waarom daar 'n dankbaarheidslewe moet wees. Ons het dieper gegaan dat goeie werke is die sleutel waarmee dankbaarheid oopgesluit word, maar nou besef ons dat bekering is ook deel van dankbaarheid. Bekering is iets wat vir God goed is, dit is 'n goeie werk, maar wie maak hierdie werk goed?! Daar kan net één wees Wie dit doen en Hy is God alleen. Bekering is 'n saak van God se genade en God se krag IN ons lewens. As Dawid sy sonde met Batseba besef dan bid hy tot die Here- *Here, skep in my 'n nuwe hart…*Dit is in wese bekering. Daardie nuwe hart wat met God se krag in my moet kom, ek moet 'n nuwe mens kan word. Dit staan so sterk soos die opstanding uit die dood. Om uit die dood op te staan of om uit jou sonde los te kom, die krag wat die Here daarvoor gee verskil nie. Of anders gestel- Bekering is net so radikaal soos die opstanding uit die dood. Dit wil sê daar in net so 'n absolute kloof tussen bekering en volharding in die sonde as wat daar 'n kloof is tussen lewe en dood.

Daarom is bekering in die eerste plek en ten diepste God se werk. Bekering is *uit* God, *deur* God en *tot* God. As bekering uit God is dan erken ons die verskil tussen waaragtige bekering en skynbekering. Om jou van 'n slegte gewoonte te bekeer, soos ek het drank misbruik en nou het ek die drank gelos of ek maak nie meer misbruik van drank nie, die

dief wat kan sê ek het opgehou steel, nou is ek bekeerd. Dit is nie die bekering van Sondag 33 nie. Sulke tipes bekering wat neerkom om uit die sonde tot ’n beter tipe mens te kon vorder, dit is maar uit die mens, dit is ’n verandering van deug. Sondag 33 se bekering is uit God. Daar is géén mens vir wie dit nie nodig is dat hy/sy hom/haar moet bekeer nie. Ons moet ons almal bekeer om bekeer te wees.

Ek los nie maar net ’n sonde nie, maar ware bekering is wanneer die Heilige Gees werk. Die Heilige Gees gee die wedergeboorte dan gee die Gees dat ek die ou mens kan afsterf en in die nuwe mens opstaan. Sonder die wedergeboorte kan daar nie ’n nuwe mens wees nie!

Die Arminiane dwaal gruwelik en daarop wil die Dordtse Leerreëls spesifiek ook ons aandag vestig dat dit nie waar is dat God slegs die moontlikheid tot die bekering skenk en dat dit die mens is wat hierdie moontlikheid nou werklikheid moet maak nie. Dadelik moet ons egter besef dit nie impliseer dat die mens nie ’n geweldige verantwoordelikheid ontvang het nie. Daar word 8X in die hele Bybel gepraat dat bekering die werk van God is, maar oor die 100X staan dit ook in die Bybel dat die mens wel ook geroep is om hom/haar te bekeer. Ons het ’n sware verantwoordelikheid.

Die ware bekering wat uit God is kan ons hier, soos dikwels tevore dit weer met ’n boom vergelyk. Eers wanneer ’n wilde boom geënt is, eers dan kan daardie boom goeie vrugte voortbring. Toe die boom nog wild was, dit het wel welig en goed gegroei maar die vrug kon nie goed wees nie. Eers deur die inenting kom die goeie vrug. So word ons deur die Heilige Gees ingeënt, ons word in Christus ingelyf. Alleen in Christus is daar die tweërlei mens, die oue mens, die nuwe mens. Die geënte boom word nie skielik twee bome nie, so is die bekeerde mens nie skielik ’n ander mens nie. Daardie geënte boom bly een boom maar nou is daar tog aan die één boom tweërlei lewe. Onder die entplek is daar by die boom nog steeds die wilde lewe, die wilde takke, alles wat daaruit spruit bly wild, maar bo waar die inenting sy werk doen daar kom die verskil. Dit wat heeltyd nog steeds uit die oue mens voortkom is sonde, maar dit wat uit die nuwe mens kom word deur Christus gewerk.

Christus werk met jou denke en jou dade. Bekering word altyd hiermee in verband gebring. As jou sienswyse, jou denke kan verander, dan sal jou leefwyse, jou dade ook verander. Wat ons hierdeur tref dat bekering het gewoon met omkeer te doen. Jou rigting verander. Dit is gewoon soos Jes. 55:7 bekering beskryf- Hy wat in 'n bepaalde rigting geloop het en begin nou die ander rigting te loop- Luister wat staan hier- *Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagte; en laat hy hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik.* Dit staan nadat die oproep tot bekering in die Ou Testament ook baie sterk staan- Jes 55:6- *Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is.* Ook lees ons Joël 2:12- *Maar selfs nou nog spreek die Here, bekeer julle tot My met julle hele hart…*en verder aan- *skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die Here julle God; want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil* (Joël 2:13).

Die rigting, die weg waarop ek loop verander deur die bekering radikaal maar dan verander 'n mens se gedagtewêreld, jou denke, sou sienswyse dit alles verander net so radikaal. Bekering wat uit God is, is ook deur God. Die koninkryk van die Here het naby gekom, sê Johannes die Doper in Mattheus 3:2. Op daardie oomblik word Johannes deur allerhande soort van mense omring. Daar is tollenaars en soldate, daar is Fariseërs, ag dink jou en hulle was daar, en hy roep almal van hulle met dieselfde krag op dat hulle hul moet bekeer. Hy sê dit reguit- *Bekeer julle want die koninkryk van die hemele het naby gekom.* Die woord vir bekeer is hier die woord- μετανοέω – wat alles met jou denke te doen het, om anders te dink as voorheen, om te heroorweeg, jou gedagtewêreld en jou gesindheid verander radikaal, maar as ons terugkom na Paulus in Handelinge 14 dan lees ons Handelinge 14:15 en daar skrywe Paulus- …*Ons is net sulke mense soos julle en ons verkondig die evangelie dat julle jul van hierdie nietige dinge moet <u>bekeer</u> tot die lewende God wat die hemel en die aarde en die see en alles wat daarin is, gemaak het.* Hier staan vir die woord bekering die Griekse woord - ἐπιστρέφω- epistrephō- wat dan te doen het met die verandering van jou lewensrigting. Hulle wat agter die afgode aangeloop het, die afgode het julle so in die steek gelaat, en daarom kan Paulus per

implikasie sê – loop nou nie meer agter die afgode aan nie, maar loop in die rigting van die Here.

Wanneer ons glo en bely dat die bekering ook deur God is dan is die gelykenis van die verlore seun so gepas, of eerder moet ons praat van die gelykenis van die jongste behoue seun, want uiteindelik die seun wat op die einde kom, die oudste seun is heeltyd in die vaderhuis, maar hy is uiteindelik meer verlore as die een wat verlore was! Die oudste het nie gedink nie! Hierdie jongste het aanvanklik sy pa gegroet, want by pa is dit te stil, te eentonig, en die onbekende vreemde, die verre vreemde trek hom, maar toe kom die dag van sy bekering. Nou sê ons bekering is ook deur God, soos dit ook uit God is. Die jongste seun begin aan sy vader te dink- hoeveel huurlinge is daar by my vader, die oorvloed van kos wat daar is, hier eet ek vark peule, of ek wens om tog net dit te eet, hy dink , hy dink hoe goed dit sal wees om net weer tuis te wees. Hy dink aan die dinge wat daar by sy pa was, dinge wat hom nie aangestaan het nie, juis is dit die dinge wat hy besef hy moes waardeer. Hy dink watter vader het ek tog en kyk watter tipe mens is ek. Ek is nie werd om my vader se seun te wees. Broeder en suster, dit is die punt van bekering.

Die ou natuur daar in die jong kind, daardie afsterwe van die ou natuur, hierdie ou mens in hom, dit is nie eensklaps weg nie. Dit is soos ’n ou groot stoomboot, die boot begin te draai, om waarnatoe hy eintlik moes gaan terug te stoom, daarvoor het hy die bevel en die rigting ontvang, maar die vaart waarmee die boot besig was sit ook maar nog in hom. Hy vaar maar nog steeds half in die teenoorgestelde rigting, al het die stoom masjinerie hier binne in hom nou wel al andersom begin draai. Dit is maar wat Paulus ook noem, die goeie wat ek wil dit doen ek nie, die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek. Daardie takke wat heeltyd maar nog steeds onder die ent uitgroei moet voortdurend afgesny word.

Die jong seun sny die takke af, hy skaam hom vir wat hy vantevore van sy pa gedink en vir hom gesê het, maar die nuwe mens staan ook in hom op. Hy verheug hom nou oor sy vader. Ware bekering het altyd met ware vreugde te doen. V/A 90 praat van **’n hartlike vreugde in God deur Christus en ’n lus en ’n liefde om volgens die wil van God in**

alle goeie werke te lewe. Daardie negatiewe kant van bekering, die droefheid oor my sonde, die haat oor my sonde, die ontvlugting van die sonde, dit is alles swaar dinge, dit maak seer, ek moet vir myself vlug, ek weet as ek sondig, dan het ek teen die Here gesondig- soos Dawid in Ps 51:6 uitroep- *teen U alleen het ek gesondig, ek het gedoen wat verkeerd is in u oë.* Dit skeur hom, nie jou klere nie, maar jou hart.

Jy moet ook kan leer om te haat as dit by bekering kom. Ek moet sonde haat. Ek moet nie maar net dink ek sal dit maar nie langer doen nie, maar daar moet in jou kom 'n aktiewe sonde haat. Mattheus 12:43-45- praat van die man wat sy huis skoonmaak, in die geval sy hart- ons lees wat gebeur- *En wanneer die onreine gees uit die mens uitgegaan het, gaan hy deur waterlose plekke en soek rus en vind dit nie. Dan sê hy: Ek sal teruggaan na my huis waar ek uitgegaan het. En hy kom en vind dit leeg, uitgeveeg en versier. Dan gaan hy en neem sewe ander geeste slegter as hy self met hom saam, en hulle kom in en woon daar; en die laaste van daardie mens word erger as die eerste. Só sal dit ook wees met hierdie bose geslag.* As ek nie werklik sonde haat nie, ek maak skoon maar ek maak nie seker dat hierdie ruimte deur die goeie gevul word nie, dan haat ek nog nie werklik die sonde nie. Wie nie aktief sonde haat nie, twyfel ook dikwels aan die egtheid van sy/haar bekering. Daarom praat die Kategismus van **hoe langer hoe meer haat…**

Ons moet hier waar die bekering uit God is, besef dat geloof begin nie met bekering nie, maar bekering begin met geloof. Geloof in Jesus Christus, glo in sy bloed, glo in die kruis van Christus, maak jou lewe daarmee vol, mag dit waarmee God na ons kom jou lewe vul, dit wat God se geregtigheid beteken, maar ook sy barmhartigheid. In God se geregtigheid is ek werklik hartseer oor my sonde, maar in God se barmhartigheid prys ek vir God om sy genade. Albei hierdie dinge, om werklik jammer te wees, maar ook om waarlik God te prys kan alleen deur die geloof in Christus plaasvind. Daarom geloof begin nie met bekering nie, bekering begin met geloof.

Onthou om altyd die feit van ons verlossing as geloofsbasis te sien. Dit gaan alles vooraf. As God my nie eerste verlos het nie, dan sou ek my nie kon bekeer nie. Sondag 32 is nog

steeds direk aan Sondag 33 verbind, dit staan in direkte verband. Alleen omdat Christus my uit my ellende verlos het, daarom kan ek, daarom moet ek goeie werke doen. Dit is presies wat Sondag 33 eintlik by uitkom. Ons moet ons van sonde bekeer om by die goeie werke uit te kom. Maar goeie werke kan alleen vanuit 'n ware geloof kom. Die geloof bly in die sentrum, As dit in die paradys so gebeur het, dan besef ons dit werk nog steeds so. Sonde het nie in die paradys met die doen van die verkeerde nie, dit is nie dat daar gevloek of owerspel was nie, maar die mens wou nie glo, dit was ongeloof wat gemaak het dat die vrou eerder die slang geglo het, as wat sy God geglo het.

Daarom is bekering altyd bekering van ongeloof tot geloof. En daaglikse bekering is ook om daagliks tot jou geloof terug te keer. Dit is waarmee elke dag opnuut mee begin moet word, met geloof. Daardie man wat uitroep – *Ek glo, Here, kom my ongeloof te hulp*…Geloof is 'n proses van groei en om al hoe vaster te word. Bekering werk dus nie vanuit 'n volmaakte geloof nie, maar bekering staan direk in verband met wat ons ook in Fil. 2:12-13 lees- *werk julle eie heil uit met vrees en bewing, want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae…*

Moet nie sê ek kan dit nie doen nie! Die pad van ongeloof na geloof is om die pad van eiewilligheid na gehoorsaamheid te loop. Dit is om van jou eie belange af te sien en dit tot eer van God. Dit wat God in jou begin, hy werk tog, daarom kan jy dit voltooi. God wat in jou wil kom en in jou werk inkom, daarom moet jy ook jou wil bekeer en kan jy jou bekeer. Soos dit vir jou geloof ten volle geld, so geld dit ook ten volle wanneer ons oor bekering handel.

Bekering wat uit God is en deur God is, moet ook wees tot God In Hosea 6 maak die Here dit duidelik dat die Here het sy volk geslaan, want die volk moet leer wat dit beteken dat God nie offerandes wil hê nie, maar God wil barmhartigheid hê! Die volk is in opstand teen God en nou dink hulle God weet dit nie. Hulle dink hulle kan God met hulle offers, om dit so te stel, 'n rat voor die oë draai…God straf hulle hieroor, Jesus wys later daarop hoe hulle deur God geslaan is, die werk deur God, maar God wil dat dit tot Hom moet kom. God kom ook nou om hulle te genees. God het hulle geslaan, maar Hy

gaan ook weer hulle wonde verbind. God sal hulle oor hulle sonde laat berou kry, sodat Hy aan hulle, barmhartigheid hulle lewe lank kan bewys. Dit is iets wat mens moet leer verstaan. Hoe dit op die einde alles tot God moet gebeur.

Bekering met my hele lewe, vind my hele lewe lank plaas. God werk in my, dat dit nie ek is wat verheerlik moet word nie, ek is dalk selfs die een wat eers geslaan moet word, sodat God nie my nie, maar Homself in my kan verheerlik. As ek nie by die goeie nog wil uitkom nie, dit wat God met goeie werke bedoel, dan is sy tugtiging God se goeie werk in my dat daar in my die goeie kan kom. So is goeie werke altyd God se vrugte wat Hy in my deur Christus werk. Christus is die wynstok, ons is slegs die lote. Alles wat die lote kan wees, is wat die wynstok reeds alles is. Sonder die wynstok is die lote niks. Christus is alles- die groot leuse wat die teoloog Kohlbrugge oor heel ons lewe wou skryf. Christus is of alles of niks. As ek dit anders wil maak, dan wil ek Christus tot niks maak.

Dit is ons wat vir God dankbaar moet wees vir die goeie wat Hy in ons doen, daar is niks wat God van sy kant teenoor ons dankbaar moet wees nie! Laat ons met ’n lus en liefde volgens die wil van God in alle goeie werke lewe. Dit alles met hartlike vreugde in God deur Christus want as daar waaragtig bekering is word goeie werke spontaan uit die geloof tot eer van God gedoen. So spontaan dat jy eintlik dan nie eers altyd sal weet dat jy die goeie doen nie.

Mattheus 25 vra jy dalk die Here wanneer het ek hierdie goeie aan U gedoen, en dan sal Jesus met vreugde jou antwoord- in dit wat jy aan hierdie geringstes gedoen het, het jy aan My gedoen. Hulle besoek, hulle geklee, hulle gevoed, hulle water gegee, hulle verbind…Laat ons hierin ons verbly, want ek weet nou wat goeie werke is- **dit wat uit ’n ware geloof volgens die Wet van God tot sy eer gedoen word, en nie wat op die goeddunke of op oorgelewerde gebruike van mense gegrond is nie.** Daarom sal die res van die Kategismus nooit oor ons tradisies of oor ons gebruike soos oorgelewer handel nie. Ons moet party keer versigtig wees om ons tradisies selfs ernstiger as die Wet van die Here te beskou. Die Kategismus sal in Sondag 34 juis in besonder met die Wet besig

raak en tradisies en gebruik kan daar nie mee, mag daar nie mee vergelyk nie. Dan is ek dalk gouer by die goue kalf as by die goeie Wet.

AMEN

Vrae uit Sondag 33

1. Beskryf die twee bekerings in Handelinge 16.
2. Waarvan sou Lidia en die tronkbewaarder hulle maar nog altyd wéér van moet bekeer?
3. Wat is alles in Lukas 15 verlore en wat sê dit vir jou?
4. Hoe moet ons dit verstaan dat bekering deel van ons dankbaarheidslewe moet wees?
5. Is bekering radikaal? Motiveer.
6. Verduidelik die verskil tussen skyn/tydelike bekering en waaragtige bekering.
7. Is bekering sonder wedergeboorte moontlik? Verduidelik.
8. Hoeveel kere is daar in die Bybel van bekering sprake?
9. In watter opsig dwaal die Arminiane/Remonstrante wanner hulle oor die bekering handel?
10. Watter belydenisskrif hanteer hierdie dwaling in besonder en hoe doen ons belydenis dit?
11. Op watte wyse kan ons bekering met die inenting van ’n boom vergelyk?
12. Hoeveel Griekse woorde is daar vir bekering en onderskei die verskil in wat hierdie woorde beteken?
13. Hoe sal jy die gelykenis van die verlore seun op bekering kan toepas?
14. Wat moet ek haat as dit by bekering kom?
15. Is dit belangrik om van sonde weg te vlug? Motiveer.
16. Begin geloof met bekering of begin bekering met geloof?
17. Hoe moet ons Fil. 2:12-13 verstaan?
18. Hoekom het die Here in Hosea 6 sy volk geslaan?
19. Is daar enigiets in ons lewe wat God vir ons dankbaar moet wees?
20. Wat is goeie werke?
21. Word tradisies/oorgelewerde gebruike beskou as goeie werke?


SONDAG 33
88. Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?
Die afsterwing van die ou mens
Die opstanding van die nuwe mens
89. Wat is die afsterwing van die ou mens?
Dit is 'n hartlike berou
Waaroor? daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het
Gevolg?
Daarom haat ons die sonde hoe langer hoe meer
en vlug ons daarvan weg
90. Wat is die opstanding van die nuwe mens?
Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Jesus Christus
en 'n lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe
91. Wat is goeie werke?
Slegs die wat gedoen word:
Nie dié wat gedoen word:
uit 'n ware geloof
volgens die wet van God
tot sy eer
wat op ons goeddunke berus nie
of wat op die oorgelewerde gebruike van mense gegrond is nie